Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier
Nuusbrief Donderdag 22 Julie 2021

Gedagte van die week:
Dis is maklik om eenmalig as bewonderaar waagmoedig agter Jesus aan op die water te loop. Om Hom elke dag as sy dissipel op droë grond te volg, is 'n ander storie. (Oswald Chambers, 1874-1917)

Vertrekpunt:
Matteus 10:16-31

Meditasie uit die teks:
Ek wonder of jy al ooit bang was dat iemand jou gaan seermaak, selfs doodmaak, omdat jy 'n uitgesproke en duidelike Christen is. Ek was nog nooit nie, want ek is nog nooit fisies gedreig omdat ek glo wat ek glo nie. Ek was en is soms meer bekommerd dat mense sal dink dat ek glo omdat ek dom is. Ek was en is soms meer bekommerd dat mense sal dink dat my geloof 'n kruk is waarmee ek myself probeer regop hou wanneer die lewe moeilik raak. Ek was en is soms meer bekommerd oor wat my geloof dalk mag doen aan my status en my sosiale aanvaarbaarheid. Jy sien, my lyding vir Christus is baie meer subtiel as 'n fisieke bedreiging. Ek moet dikwels by huwelike en begrafnisse die Woord bedien aan mense wat nie noodwendig glo soos ek glo nie. Soms sal iemand by hierdie geleenthede sommer heftig sy of haar kop in protesterende ongeloof heen en weer swaai. Dit is in daardie oomblikke wat ek moet besluit of ek vriendelik en nederig sal bly staan by wat ek glo en of ek my geloof sal afwater of selfs heeltemal sal verlaat. Ek moes hierdie week weer besluit om skaamteloos te glo en te getuig. So hoor dit dan nou duidelik: "Jesus is die Here! Jesus is my Here!" Ek sê dit skaamteloos!

Youtubeskakel:
Ons gaan nie Sondag 25 Julie 2021 'n reisgesprek in die kerkgebou hou nie. Jy kan wel die reisgesprek op Youtube luister by https://youtu.be/gPvWu1WJWZU

Meditasie uit die lewe
Ek word Sondagoggende gewoonlik om 06h30 wakker van die Egiptiese watervoëls wat op die kerkgebou se dak met harde en kras stemme na mekaar roep. Gewoonlik sou ek op 'n "gewone en normale" Sondagoggend vinnig uit die bed spring, stort, skeer, aantrek, vinnig koffie drink, die hond kosgee en dan rustig na die kerkgebou stap met my geheuestokkie in my sak. By die kerkgebou deaktiveer ek die alarmstelsel, maak die vensters oop, skakel die klankstelsel aan, toets die mikrofoon se battery, skakel die rekenaar aan en laai die powerpoint vir die reisgesprek vanaf die geheuestokkie op die "desktop". Dan stap ek om die kerkgebou en saal en kyk dat alles min of meer in orde is, gaan terug huis toe, eet ontbyt en keer weer terug kerkgebou toe, voorportaal toe, en wag … vir mense, mense wat oor jare vriende en broers en susters geword het. Wonderlike mense, mense vir wie 'n mens elkeen op 'n unieke manier liefhet en waardeer, mense wie se goeie en slegte stories jy ken, maar vir wie jy, tsv die stories, nét liefde en deernis het. Maar nou, deesdae, in hierdie "abnormale" tyd, draai ek om en slaap maar nog 'n bietjie. Wanneer ek dan so by 08h00 wel opstaan wonder ek wat om met myself en my tyd te doen. Ek wonder dan wat doen mense op Sondagoggende, want ek ken nie die alternatief nie. Een so 'n oggend het ek en my vrou by Seepunt se promenade gaan stap. 'n Ander Sondagoggend het ons by Clay Café in Kaapstad se Breestraat iets gaan verf en daarna ontbyt geniet. Dit was albei kere baie lekker ervarings, maar daar is heeltyd die onderliggende gemis en verlange … nie na 'n kerkgebou nie, nie na 'n reisgesprek nie, maar na mense, na mense wat oor jare broers en susters geword het, mense vir wie ek in hierdie tyd van afwesigheid en vervreemding, nuwe waardering gekry het. As ons eendag weer bymekaar mag kom sal ons in die voorportaal met nuwe oë na mekaar kyk. Op hierdie stadium hoor ek net één sinnetjie in my kop wat soos 'n refrein herhaal word … "go and love them well!". Dit is ook die sinnetjie wat ek vir Toit Wessels wil saamgee op sy reis na Port Elizabeth, "go and love them well". Dit is die bediening in 'n neutedop.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com